**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Appèlnommer : A161/2011

In die appèl van:-

**STEPHANUS JOHANNES VAN DER VYVER** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** HANCKE, WND RP *et* VAN DER MERWE, R *et* MOLOI, R

---

**AANGEHOOR OP:** 18 JUNIE 2012

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, WND RP

---

**GELEWER OP:** 21 JUNIE 2012

---

[1] Na sy skuldigbevinding is die appellant deur die hof *a quo* op 25 Februarie 2009 soos volg gevonnis:

> "Aanklag 1 – Veediefstal – 10 jaar gevangenisstraf (640 beeste)
>
> Aanklag 2 – Diefstal – 3 jaar gevangenisstraf (Plaas implemente)
>
> Aanklag 3 – Veediefstal – 10 jaar gevangenisstraf (519 beeste)
>
> Aanklag 4 – Brandmerk van vee – 6 maande gevangenisstraf
>
> Aanklag 11 – Veediefstal – 18 maande gevangenisstraf (2

beeste)

Aanklag 19 – Veediefstal – 18 maande gevangenisstraf (3 beeste)

Aanklag 23 – Veediefstal – 18 maande gevangenisstraf (1 bees)

Aanklag 30 – Veediefstal – 18 maande gevangenisstraf (1 bees)

Aanklag 31 – Diefstal – 2 jaar gevangenisstraf (Lusern R65 000)

Aanklag 32 – Diefstal – 2 jaar gevangenisstraf (Lusern R27 000)

Aanklag 33 – Diefstal – 5 jaar gevangenisstraf (R280 000 – Opbrengs aartappeloes)

Aanklag 34 – Veediefstal – 5 jaar gevangenisstraf (75 koeie)

Aanklag 35 – Diefstal – 4 jaar gevangenisstraf (R120 000)

Aanklag 36 – Brandmerk van vee – 6 maande gevangenisstraf

Aanklag 37 – Bedrog – 4 jaar gevangenisstraf (R400 000)

Aanklag 38 – Diefstal – 1 jaar gevangenisstraf (R4 000)

Aanklag 39 – Veediefstal – 2 jaar gevangenisstraf (77 beeste)

Aanklag 40 – Diefstal – 5 jaar gevangenisstraf (R80 000)

Aanklag 41 – Diefstal – 5 jaar gevangenisstraf (R200 000)"

[2] Die hof *a quo* het verder gelas dat vyf (5) jaar gevangenisstraf op aanklag 1 en een (1) jaar gevangenisstraf op aanklag 2 samelopend met die vonnis op aanklag 3 uitgedien moet word en dat die vonnisse op aanklag 4, 11, 19, 23, 30, 31 tot 41 saam met die vonnis op aanklag 3 uitgedien moet word. Die effektiewe vonnis is dus

sewentien jaar gevangenisstraf. Hy is ook onbevoeg verklaar om ‘n vuurwapen te besit.

[3] Tydens die aansoek om verlof om te appelleer, het die hof *a quo* verlof verleen om teen die vonnis te appelleer op die basis dat daar

> “’n redelike vooruitsig is dat ‘n ander hof op appèl moontlik tot ‘n ander bevinding kan kom spesifiek wat die kumulatiewe vonnis betref.”

[4] Wat die oplegging van die vonnisse ten opsigte van die individuele aanklagte betref, is geen kritiek deur Mnr. Reyneke namens die appellant, geopper nie; na my mening tereg aangesien daar inderdaad nie enige fout daarmee gevind kan word nie. Die enigste vraag is of die kumulatiewe vonnis van sewentien (17) jaar gevangenisstraf nie te swaar is in die omstandighede nie.

[5] Daar is verskeie verswarende omstandighede teenwoordig. Daar was nege verskillende klaers betrokke wat groot vermoënskade gelei het as gevolg van die appellant se

slinkse, berekende en meedoënlose optrede. Die appellant het in ‘n vertrouensverhouding met die onderskeie klaers gestaan. Een van die klaers, Mnr. Kotze, het self finansiële probleme ondervind wat sy vee dringend wou verkoop. Dit het nie die appellant gekeer om hierdie klaer ernstig te benadeel nie.

Wat die omvang van die bedrag alhier tersake betref, was daar ‘n bedrag van R4 miljoen betrokke, terwyl die getal vee 1 318 beloop het.

Wat die klaers betref, sluit dit in Lesotho burgers wat nie vermoënde mense is nie wat deur die appellant genooi was om hulle beeste by hom te laat wei met die wete dat hy hulle beeste gaan verkoop en die geld vir homself aanwend, wat uiters laakbaar is. Die appellant is ook nie ‘n algehele eerste oortreder nie, aangesien hy ‘n vorige veroordeling vir bedrog het.

[6] Aan die anderkant van die skaal is die feit dat die appellant 43 jaar oud is. Hy was werksaam as bemarkingsbestuurder van Vleissentraal, waarna hy sy eie besigheid bedryf het

saam met ‘n boerdery, maar weens sy egskeiding hy sy besighede en boerdery verloor het. Hy was ook ‘n slaghuisbestuurder en later boukontrakteur. Daarna, gedurende September 2001, het hy verhuis na die plaas Wilgedraai, waar hy geboer tot en met sy arrestasie op 1 Julie 2005.

Dit blyk dat hy na sy arres vir twee en ‘n half maande verhoorafwagtend was en dat dit vir hom ‘n traumatiese ervaring moes wees, aangesien hy sowat 27 kilogram gewig verloor het.

[7] Wat vergelykende vonnisse betref, het Me Liebenberg, onder andere, verwys na die volgende beslissings:

**S v VAN DER WALT** 2003 JDR 0101 (T), ‘n diefstal waarby R2 miljoen betrokke was en twintig slagoffers wat hoofsaaklik pensionarisse was. ‘n Vonnis van vyftien (15) jaar gevangenisstraf is daar opgelê.

**S v PRICE AND ANOTHER** 2003 (2) SASV 551 (HHA), waarby bedrog ten bedrae van R1 945 000 betrokke was en die 49-jarige oortreder vyftien (15) jaar gevangenisstraf opgelê is.

Op appèl is die eerste appellant se appèl van die hand gewys, terwyl die tweede appellant se vonnis gewysig is na tien (10) jaar gevangenisstraf.

**S v JANSSEN** 2010 (1) SASV 237 (ECG), 144 klagtes van bedrog waarby R1,5 miljoen betrokke was. 'n Vonnis van agt (8) jaar gevangenisstraf is opgelê.

[8] Mnr. Reyneke, namens die appellant, het veral sterk gesteun op die saak van **S v HECKROODT EN VIER ANDER** (saaknommer 2/2007) waar 923 klagtes van bedrog ten bedrae van R50 miljoen ter sprake was. Hy is tot vyftien (15) jaar gevangenisstraf gevonnis waarvan tien (10) jaar gevangenisstraf opgeskort is op sekere voorwaardes. Die mede-beskuldigdes in daardie saak is soortgelyke vonnisse opgelê, maar is een van hulle vyftien (15) jaar gevangenisstraf opgelê waarvan vyf (5) jaar gevangenisstraf opgeskort is.

[9] Indien al die feite en omstandighede in die huidige saak in ag geneem word, is ek van mening dat die kumulatiewe effek

van sewentien (17) jaar gevangenisstraf te swaar is en sodanig onvanpas is dat dit hierdie hof geregtig maak om daarmee in te meng. Dit is egter ernstig genoeg dat die appellant steeds 'n relatiewe langtermyn gevangenisstraf moet uitdien, veral in aggenome die verswarende omstandighede hierbo na verwys. Soos reeds gemeld, kan daar nie fout gevind word met die vonnisse wat opgelê is ten opsigte van die individuele klagtes, asook die onbevoegheidsverklaring om 'n vuurwapen te besit nie.

[10] Bygevolg slaag die appèl tot die mate dat

(a) die effektiewe vonnis van sewentien (17) jaar gevangenisstraf tersyde gestel word;

(b) dit gelas word dat die appellant se vonnisse so samelopend uitgedien word dat sy effektiewe vonnis twaalf (12) jaar gevangenisstraf beloop, welke vonnis teruggedateer word tot 25 Februarie 2009.

**S.P.B. HANCKE, WND RP**

Ek stem saam.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**K.J. MOLOI, R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Mnr. J.D. Reyneke<br>In opdrag van:<br>Bloemfontein Regsentrum<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. E. Liebenberg<br>In opdrag van:<br>Direkteur van Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp